

# REAKSIE VAN GEWASSE ONDER SKADUNET

Elke gewas wat onder skadunet verbou word sal fisiologiese veranderinge toon. Die keuse van die kleur net het verskillende uitwerkings.

Rooi nette laat meer rooi lig deur na die plant en kan sommige variëteite help om die stingellengte te verleng. Dit hou groot voordele in vir produsente van blomme soos rose. Dit kan egter ongewenste reaksies tot gevolg hê soos verlengde internode lengtes by blaargroente soos kool of slaai.

*Clive Rudman | Farm Tech Magazine September 2017*

‘n Veranderde ligspektrum, deur die toevoeging van blou gare in SpectraNet, veroorsaak dat meer blou lig na die plant deurgelaat word en kan kleurontwikkeling verhoog of wortelontwikkeling stimuleer.

Die gewenste uitkoms vind egter nie in isolasie plaas nie en daar is altyd ‘n reeks potensiële veranderlikes wat aangespreek moet word.

Kleurontwikkeling by appels gaan byvoorbeeld hand aan hand met ‘n gewysigde besproeiingskedule. Sodra die besproeiingskedule verander word is daar verdere implikasies indien kunsmis deur die besproeiingstelsel toegedien word.

Verlaagde transpirasietempos is ‘n kenmerk van meeste gewasse weens die verhoogde humiditeit binne ‘n skadustruktuur. Die fisiologiese gevolge is dat die konsentrasievlakke van voedingstowwe aangepas moet word, veral van kalsium en boor.

Verhoogde humiditeit dra ook by tot verhoogde vegetatiewe groei en ‘n gewysigde spuitprogram word benodig om insek- en funguspopulasies te beheer.

Knittex doen die afgelope 20 jaar navorsing oor die kweek van gewasse onder SpectraNet. Kontak Knittex vir inligting. Tel: 011 692 1658 of besoek [www.multiknit.co.za](http://www.multiknit.co.za)

